Die Verwerpte Koning

. . . tot eer van die Here om oor ons gebring te word vandag deur die bediening van die Woord. En dis 'n . . .

2 Hierdie verlede week, was ek soort van 'n bietjie ongesteld. Nie presies sê ongesteld nie; dit was 'n toets wat ek moes ondergaan, 'n fisiese toets. En dis wat julle gehoor het, dat ek in die hospitaal was. Dit was omdat ek soontoe gegaan het sodat ek nie heen en weer oor die rivier hoef te kom nie. Jy neem 'n boonste gastronomiese, en 'n onderste gastronomiese. En hulle moet, elke paar minute, moet hulle terugkom en weer x-strale neem. Maar ons is veronderstel om hulle te neem, as ons oorsese sendings doen, elke ses maande. Broer Roberts en hulle, dink ek, kry hulle s'n elke ses maande. Maar ek het nie een vir vier jaar gehad nie.

3 Die probleem, ek hou net nie van daardie kasterolie nie, dis die enigste ding. En hulle sê daar's niks anders wat hulle kan gee, in plek nie, so ek, o, ek het so siek geraak toe hulle vir my daardie goed gee. Julle weet, ek het julle vertel, in my lewensverhaal, hoe daardie goed my so siek maak. En—en ek haat net om die goed te drink. En ek het vir my genadige doktersvriend gesê, as . . . "Is daar nie iets anders nie?"

En hy het gesê: "Ek dink nie so nie, Broer Branham."

4 O, toe daardie dame daar ingekom het, het dit gelyk soos . . . Miskien oordryf ek, maar gelyk soos 'n kwart. Dit—dit was . . . Ek het nog nooit soveel gesien nie. En ek het net my neus toegedruk en gestik. Maar ek het dit uiteindelik afgesluk gekry.

5 Maar nou, in die hele beproewing, en alles wat dit deurgegaan het, wil ek die Here bedank vir 'n perfekte ondersoek. Ek het eenhonderd persent geslaag, kan enige plek in die wêreld gaan waar ek wil gaan. Ek het die dokters gevra, wat drie van die beste spesialiste was, wat, ek—ek reken, in Louisville. En ek het hulle gevra, ek het gesê: "Is ek ten minste tien persent ongeskiktheid?"

6 Gesê: "Jy's geensins ongeskiktheid nie." Gesê—gesê: "Jy is in volmaakte gesondheid, elke wyse." En ek is so dankbaar teenoor God. Van wie anders kon dit kom as ons Hemelse Vader, sien, om so te wees?

7 En hy het gesê: "Jou . . . Al jou vloeie wys, daarbinne, jy jonk is." Hy het gesê: "Jou bloedselle het nog nie eens begin breek, of enigiets nie." Hy het gesê: "Jy is in 'n baie goeie toestand, Broer Branham."

En ek het gesê: "Wel, ek is bly."

8 En ek het die voorreg gehad om te praat, te getuig aan elke verpleegster in daardie hospitaal, en elke dokter, tot die Koninkryk van God. En een sekere dokter, ek dink hy's veronderstel om hier te wees vanmôre. En ek—ek sal . . . Ek is bly om te weet daar is nog goeie manne in hierdie wêreld, ware manne, manne wat my vir vyf dae sou neem, deur 'n fisiese ondersoek, wat waarskynlik twee- of driehonderd dollar sou kos vir elkeen. Toe ek klaar was, het hulle gesê: "Dis ons bydrae tot die werk van die Here, wat jy doen." Sien? Ja. Nie eens . . . Gesê: "Jy maak ons skaam, om selfs te vra of jy ons iets skuld." Gesê: "Net jou gebede vir ons!"

9 "En binnekant," het hulle gesê: "vind ons iets emososioneels wat ons nie kan verstaan nie." En ek het gesê . . . "Ons . . . Dit—dit blyk nie om te wees . . ." Hy het gesê: "Uiterlik, is jy nie senuweeagtig of gesteurd nie. Maar," gesê: "innnerlik, is daar 'n emosie wat ons nie kan verstaan nie."

10 Ek het gesê: "As julle net hier sal sit vir 'n oomblik, sal ek julle vertel." Ek ek het begin praat oor visioene. Dit was 'n ander veld vir hulle. Hulle het niks daarvan geweet nie. Ek het hulle vertel van die Bybel. Toe het ek hulle vertel van die visioen wat die Here my net nou die dag gegee het, en hulle het gehuil soos babas. Net daar gesit en huil. En ek . . . hulle . . . ek het gesê: "Ek hoop nie julle dink ek is een of ander godsdienstige malle of iets nie."

11 Gesê: "Onder geen omstandighede nie, Broer Branham. Ek glo dit met my hele hart." Hy het gesê: "Maar net een ding wil ek sê. Jy gaan nie skool toe om daardie dinge te leer nie." Gesê: "Ek glo dat hulle van die Almagtige God af kom." En dit was drie van die uitstaande dokters in Louisville, die beste wat hulle gehad het. En, so, ek was bly daaroor, en om te weet dat die Here my miskien 'n bietjie saad daarlangs laat plant het.

12 Elke verpleegster, met hulle gepraat. Hulle, een oggend, toe ek uit die x-straalkamer gekom het, het ek gesê vir die . . . Ek het na 'n arme ou vrou gekyk. Sy was so sieklik. En ek het aanhou beweeg, afbeweeg totdat ek by haar gekom het. Ek het gedink sy mag sterwend wees. En ek het gesê: "Ek wil vir jou 'n vraag vra, suster."

Sy het gesê: "Ja, meneer."

Ek het gesê: "Is jy 'n Christen?"

En sy het gesê: "Ek behoort aan 'n *sekere* kerk."

13 Ek het gesê: "Ek wil dit net 'n bietjie duideliker maak." Ek het gesê: "Ek—ek wil weet of jy 'n Christen, waarlik 'n Christen is. Dat, as jy oor hierdie see van die lewe moet gaan, in 'n ander Land in, of jy Hom liefhet?" Ek het gesê: "Sou jy regtig gered wees?"

En sy het gesê: "Ja, meneer. Ek sou."

14 En ek het gesê: "God seën jou hart dan. Maak nie saak watter kant toe die wind waai nie, jy's reg dan, solank as wat dit so gaan."

15 En as ons net rondgaan, is daar nog baie goeie mense oor in die wêreld.

16 Nou, vandag, het ek ingekom met 'n visioen wat ek vir julle bietjie later sal vertel. En ek wil praat, eers, oor 'n gedeelte van die Woord, want ek glo die Woord is baie belangrik, die heel belangrikste nou. En ek is bly om Charlie Cox te sien, en, broer, my vriend wat daar staan, bymekaar. Broer, ek kan nie dink. . . Jeffries, ek kan nie aan sy naam dink nie. Baie van julle ander kosbare broers van Georgia, van verskillende dele van die land. My ou vriend, Bill, wat hier sit, glo ek, vanoggend. En—en baie. . . En broer vanaf Georgia daar, die mense wat vir my hierdie pak gegee het. Julle weet, dis—dis een van die beste pakke wat ek ooit gedra het. Voel net so goed, regtig baie goed. En julle beteken soveel vir my. Wanneer ek julle vertel wat gebeur het hierdie afgelope paar dae, met my, sal julle sien waarom ek dink dit beteken soveel vir my.

17 Nou, ek glo, as die Here wil, wil ek die stryd harder stry as ooit tevore, in my lewe. Want, ek vind nou uit dis. . . Natuurlik, ek kan vandag sterf. Dis, jy weet nie. My eletrokardiogramme en alles, sestien verskillende soorte x-strale, ja, 'n volledige fisiese ondersoek, het gewys ek was in. . . so normaal soos enige persoon kan wees, 'n menslike wese op aarde. So ek is dankbaar daarvoor. Maar, alle dinge, selfs dit alles, en so dankbaar en erkentlik teenoor God, wat ek is, wat ek glo Hy hou my nog in Sy diens, was dit nie wat Hy my net 'n rukkie tevore gewys het nie, sien, my net so gelukkig gemaak het.

18 Nou, ek dink, vanaand. . . Is dit reg met jou? [Broer Neville sê: "Ja, meneer."—Red.] Ons—ons kosbare broer is—is een onselfsugtige man, is—is Broer Neville. En as enige van julle hier was verlede Sondag en daardie wonderlike boodskap gehoor het wat hy gebring het, oor "die kruik olie," dit was won-. . . Een van die wonderlikste boodskappe wat ek ooit gehoor het, was wat Broer Neville gebring het, deur die Heilige Gees, verlede Sondag, aan hierdie troppie skape wat God bymekaar gebring het.

19 En as dit reg sal wees, behaaglik vir die Here, en met Broer Neville en die kerk, wil ek weer preek vanaand en 'n reeks begin van, sê, Maandagaand. . . Ek bedoel, Sondagaand, en Woensdagaand, en volgende Sondag, 'n reeks van wat ek bestudeer het.

20 Ek hoef nie daar by die hospitaal oor te gebly het nie. Maar hulle was so goed vir my, hulle het vir my die kamer gegee vir omtrent een derde van die prys. En so het ek net my Bybels geneem, my boeke, en die bed opgedraai, en heel gebukkend daar gesit, en al my Bybels en dinge gehad wat rondlê. En ek het regtig

’n tyd beleef, totdat hulle daardie kasterolie daar ingebring het. My goeie tyd het net daar opgehou. Toe was ek—ek klaar. Maar, Broer Pat, ek was werklik siek. Daardie goed, kan ek net nie verduur nie. En, maar, ek het ’n goeie tyd gehad, vir die eerste drie of vier dae. Ek het ’n goeie tyd gehad.

21 En ek het gestudeer oor die Boek van Efésiërs. O, daardie samevoeging van die Kerk. En ek dink dis ’n pragtige ding. En—en as julle . . .

22 Nou, as jy ’n kerk het waarnatoe jy gaan, gaan jy reguit voort en staan op jou pos. Maar as jy nie ’n kerk het nie, en jy wil graag weer terugkom vanaand, en Woensdagaand, en Sondagaand.

23 Ek wil graag neem, vanaand, die 1ste Boek van Efése; en die Woensdagaand, die 2de hoofstuk van Efése; en volgende Sondag, die 3rde hoofstuk van Efése; om die Kerk in orde te stel. Julle weet wat ek bedoel, dis Sy plasing, posisioneel. En ek dink dis ’n opbou, vir die Kerk. Ek is nie . . . Ek—ek sê hierdie net aan die kommers van die Branham Tabernakel.

24 En as enige van julle dierbare broers . . . ek weet party van julle, dink ek, het dienste. Ons broertjie is bo by Sellersburg, en—en verskillendes, het dienste. Nou, kyk, daardie is herlewingsdienste. Besoek julle daardie. Hulle is diensknegte van Christus, jongmanne wat in die bresse tree, wat uitgekom het. Wanneer selfs hulle eie kerk die Waarheid ontken het, en sulke dinge, het hulle reguit weggestap van daar af. En God het hulle geroep na die bediening. Ja, meneer. Ek—ek bewonder ’n man . . . Ek kan nie eers dink aan die man se naam nie. Maar hy’s ’n jong kêrel, goeie, aantreklike kêrel, en ’n pragtige vrou en kinders.

25 En—en Broer Junie Jackson het ’n paar dienste gehou hieronder, wat nog ’n wonderlike, merkwaardige trofee van God se onuitspreeklike genade is. En wanneer hulle herlewings in julle kerke hou, gaan julle reguit aan na hulle, want dis julle . . . dis die ding om te doen. Want, julle weet nie, mag ’n sondaar na die altaar toe kom, en jy mag beïnvloed word om daardie persoon na Christus toe te lei, wat jou groot beloning sal wees oorkant aan die ander kant.

26 Hierdie is net onderrigting en die Kerk in orde stel, hier by die tabernakel, aanhelp soos ons gaan.

27 Nou, ek het nie my horlosie gebring nie, so iemand sal moet dophou vir my. Doc het my klaar gewys, hy het een. So, my broer . . . So nou . . . [Broer Edgar “Doc” Branham sê: “Ek sal jou nie veel vra daarvoor nie,” en gee sy horlosie vir Broer Branham—Red.] Jy sal my nie te veel vra daarvoor nie? Goed. Wel, nou, dis alles reg. Wel, nou, ek dink nie die ding is reg, om mee te begin nie. So . . . [“Dankie. Ek gaan een vertel van jou.”] Nou, o, o, sh-sh-sh-sh. [“Ek het tien pennies teruggehou, op my verjaarsdag, vanmôre, net om jou beter te laat voel.”] Het jy? Nou

dis . . . Hierdie klok het pas baie beter opbeweeg toe, Doc. Gesê hy het tien pennies teruggehou, op sy verjaarsdag, om my beter te laat voel, want daar's twee of drie tussen hom en my. So julle kan sien waar ek is, op die pad. Maar, o, dit beteken nie een dingetjie, vir my nie. Nou, ek gaan nie baie lank praat nie.

28 Nou, as daar vreemdelinge in ons poorte is, wil ons julle beslis verwelkom met ons hele harte. Julle is so welkom hier by hierdie tabernakeltjie. Ons het nie veel van 'n gebou nie. Dis in die program nou om vir ons te bou, nie 'n groot plek nie, maar net 'n . . . Hierdie een is net redelik vervalle. En ons gaan probeer om vir ons 'n mooi gerieflike kerkie hier te bou, sodra ons . . . die Here ons sal toelaat om dit te doen. En baie van julle almal wend pogings aan hiervoor, en ons waardeer dit beslis baie.

29 Nou wil ek hê julle moet saam met my blaai, vanmôre, in voorlesing, na Een Samuel die 8ste hoofstuk, en vanaf omtrent die, laat ons begin met omtrent die 19de vers, die 19de en 20ste verse, miskien, vir 'n teksie vir 'n konteks.

30 En nou, soos julle dit kry, en voor ons . . . Ons sal dit lees, en dan wil ons oorgaan na gebed. En sal daar enige versoeke wees vanmôre, en sê: "Onthou my net"? In ons laaste ontmoeting, twee weke gelede, of drie, toe ek die diens gehou het . . . Sê, ons . . .

31 Terloops, terwyl julle blaai, die diens begin in Chautauqua, die 6de nou. Ons verwag 'n groot tyd, Middletown, Ohio. Julle wat julle vakansies het wat naderkom, komaan. En 'n groot kamp, reg op die rivier, waar, o, ons . . . al die prediking wat julle ooit gehoor het. Hulle is oral op-en-af met die rivier, predikers, elke oggend, regdeur die dag en nag. So hulle kom almal bymekaar. Dis 'n groot kampgronde, groter as Silver Hills, baie groter. En—en dan 'n groot plek daar waar ons tussen agt- en tienduisend mense kan plaas. En dis altyd volgepak. Ons het wonderlike tyd in Ohio.

32 En ou Broer Kidd, vir wie ek gaan bid het, nou die oggend. Julle onthou almal dat ek julle vertel het, drie weke gelede? Die dokter het hom vier-en-twintig uur gegee, om te leef. Hy's op en loop rond. Hy het 'n Skrif aangehaal, 'n lied wat hy nie kon sing nie. En toe ek ingegaan en na hom gekyk het, nou die oggend, en daardie tjalietjie om hom. Ek het daar vertrek omtrent drie of vier uur voor dag, sodat ek by hom kon kom. Hulle het gesê hy sou daardie dag sterf; kanker in die prostaat.

33 En sy dierbare, klein, ou vroutjie, gewas vir vyftig sent 'n dag; dis voor dagbreek, tot na die nag, vir vyftig sent, om haar man op die veld te hou as 'n prediker. 'n Twee week herlewing gepreek, en 'n offerande opgeneem, tagtig sent gekry.

34 Maar ek het hulle sien sit daar nou die oggend, daardie twee, ou paartjies, 'n paartjie, liewer, wat daar sit, en sy tjalietjie oor sy skouer. En een van sy bekeerlinge, twee-en-negentig jaar oud, net so briljant en helder, en Pinkster regdeur, en daar gesit, julle

weet. En ek het gesê: "Julle weet waarvoor sit julle ou mense hierbuite? Net om te wag vir die boot om te kom." Dis al. Hulle werk, alles wat hulle bereik het, 'n—'n doel wat hulle bereik het, en hulle is nou net gereed om na hulle beloning toe te gaan.

35 En ek het vir Broer Chev gesê, dit vir Broer Kidson. . . Kidd, daardie oggend: "Jy sal by die Chautauqua diens wees."

36 Hy het my gister gebel, gesê: "Ek's. . . ek sal daar wees, Broer Branham." Dis goed.

37 Baie van die diens, vanaf my nuwe bediening wat inkom. 'n Broer, Baptiste broer wat hier staan, sy dogter, tiener, was soort van 'n bietjie afgedwaal. En vir hom gesê: "Ek gee jou jou dogter vir die Here Jesus," nou die oggend. En toe hy huis toe gegaan het, is sy gered. En die ander een hier vanmôre, om gedoop te word en voort te gaan.

38 En 'n man, Mnr. Sothmann, 'n vriend van my van Kanada, sy skoonma in 'n sterwende toestand, het gesê: "Jy sal jou skoonma aantref wanneer jy daar kom, gesond, op haar pad na herstel, reg." Dis net soos dit was. En net. . . mense wat net inkom. Dis net in sy kinderskoene nou, aan die beweeg. Maar, o, ons verwag die uitermatige, oorvloedige bo alles. Ons is in die bose en laaste dae, maar in 'n glorieryke uur.

39 Nou, het jy jou Bybel, vir die voorlesing, die 8ste hoofstuk van Samuel? En ek het Gene belowe om daaragter te bly, om die res hiervan op te neem. Ons het net begin, in ons diens.

> *Maar die volk het geweier om na Samuel te luister en gesê: Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees,*
>
> *Dat ons. . . kan wees soos. . . die* nasie*, die nasies; dat ons koning ons kan rig en voor ons uit trek en ons oorloë voer.*
>
> *. . . Samuel het al* hierdie *woorde van die volk aangehoor en dit voor die ore van die* HERE *uitgespreek.*
>
> *Toe sê die* HERE *vir Samuel: Luister na hulle en stel 'n koning oor hulle aan. En Samuel het vir die manne van Israel gesê: Gaan heen, elkeen na sy stad.*

40 Nou as ek sou probeer om te kies hieruit, vanmôre, wat ek 'n teks sou noem, vir die volgende paar minute, sou ek graag 'n teks kies van: *Die Verwerpte Koning.*

41 Dit was 'n tyd, dat soos in alle tye, dat mense nooit wou hê dat God hulle moes lei nie. Hulle wil hulle eie manier van leierskap hê. En hierdie storie vanmôre. . . En wanneer jy na jou huis toe gaan, sou dit goed wees vir jou om dit die heelpad deur te lees. Dit was gedurende die tyd van die—die dae van Samuel, die man van God, die profeet. En hy was 'n regverdige man gewees, en 'n goeie man, eerbaar, eervol, opreg en eerlik met die mense, hulle nooit mislei nie, en hulle niks anders vertel as reguit SO SPREEK DIE HERE nie.

42 Maar die mense het ’n punt bereik waar hulle hierdie program wou verander. Hulle het na die Filistyne gekyk, en die Amalekiete, Amoriete, Hetiete, en die ander nasies van die wêreld. En hulle het gesien dat hulle konings gehad het wat hulle regeer het, en oor hulle geheers het, en hulle gelei het, en hulle oorloë geveg het, ensovoorts. En hierdie was blykbaar dat Israel hulleself wou maak soos hierdie konings, en soos hierdie mense.

43 Maar dit was nooit, in enige eeu, God se bedoeling vir Sy mense om op te tree soos die mense van die wêreld, of om regeer of beheer te word soos die mense van die wêreld nie. God se mense, soos altyd, was ’n—’n eienaardige volk. ’n Ander volk, ’n uitverkore, ’n afgesonderde, en heeltemal anders in hulle optrede, in hulle weë, in hulle manier van lewe, as wat die volke van die wêreld het. Hulle smake vir dinge, en alles wat hulle samestelling is, was altyd teenstrydig met die dinge wat die volke van die wêreld begeer.

44 En die volk van Israel het na Samuel toe gekom en gesê: “Nou, jy word oud, en jou seuns wandel nie volgens jou weg nie.” Want, hulle was nie eg soos Samuel nie. Hulle was omkopers en aanvaarders van geld. En hulle het gesê: “Samuel, jou seuns is nie soos jy nie, so ons wil hê jy moet uitgaan en om vir ons ’n koning te vind, en hom te salf, en vir ons ’n volk maak soos die res van die volke van die wêreld.”

45 En Samuel het hulle probeer vertel dat dit nie sou werk nie. Hy het gesê: “As julle dit doen, die eerste ding waarvan julle weet, sal julle vind hy sal al julle seuns oproep uit julle huis, en soldate van hulle maak, om voor sy strydwa uit te hardloop, en wapens en spiese te dra. Nie net dit nie, maar hy sal julle dogters oproep, om bakkers van brood te word, en hulle wegneem van jou, om die leër te voed. En,” gesê: “behalwe dit alles, sal hy sekere belastings van julle af neem, van julle graan, en al julle inkomste. Hy sal dit alles belas, om sekere regeringskuld te maak, ensovoorts, wat betaal sal moet word.” Hy het gesê: “Ek dink julle maak ’n totale fout.” Maar toe . . .

46 Die volk het gesê: “Maar ons wil steeds soos die res van die volke wees.” Daar is iets omtrent mans en vroue, dat hulle graag soos mekaar wil wees. En daar was net een man wat ooit op die aarde gewees wat ons voorbeeld was, en dit was die Een wat vir ons almal gesterf het, ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Hy was die volmaakte voorbeeld van wat ons moet wees, altyd besig met die Vader se sake, en om dit te doen wat reg is.

47 En maak nie saak hoeveel dat Samuel die mense probeer oorreed het nie, die heeltyd het hulle hom gepla, dag en nag: “Ons wil ’n koning hê. Ons wil ’n man hê. Ons wil ’n man hê wat ons kan sê: ‘Hierdie is ons gids.’”

48 En dit was nooit die wil van God nie. Dit was nooit die wil van God, of sal ooit die wil van God wees, vir die mens om oor

mekaar te heers nie. God heers oor die mens. God is ons Heerser, ons Koning.

49 En dis 'n baie, baie groot gevaar van vandag, omdat dit blyk dat die mens steeds daardie selfde idee het. Hulle is skynbaar nie in staat om te begryp dat God steeds oor die mens regeer, in plaas van mens wat oor die mens regeer, nie.

50 So hulle het vir hulleself 'n man met die naam Saul gekies, wat die seun van Kus was. En hy was 'n eervolle man, 'n eerbare man. Maar hy het die mense net reg gepas, want hy was groot, lank, edel, beeld van 'n man. Die Skrif het gesê hy was kop en skouers bokant enige man in Israel. Hy het soos 'n koning gelyk, en hy was aantreklik van aansien. Hy was 'n briljante en buitengewone man.

51 Nou, dis die soort man waarvan die mense hou om te kies vandag. Die mense is skynbaar nie tevrede met die manier wat God Sy Kerk geplaas het, om regeer en beheer te word deur die Heilige Gees nie. Hulle wil iemand hê, 'n man, 'n denominasie, sommige mense om die Kerk te regeer. Dit, hulle is nie in staat om hulleself heeltemal in God se hand oor te gee nie, om geestelik te wees, om gelei te word deur die Heilige Gees nie. Hulle wil iemand hê om hulle godsdiens vir hulle te beoefen, iemand wat hulle net sal sê hoe om dit te doen, en alles daaromtrent.

52 So hierdie man het skynbaar die plek presies gevul, want hy was 'n baie intellektuele man.

53 En dit is baie soos vandag. Ons kies ook graag sulke mense, om ons kerke te beheer, om die Kerk van God te beheer. Niks wat ek te sê het daarteen nie, maar net om egter 'n punt te maak, dat; dit nie is, dit nie was, en dit nooit die wil van God sal wees, vir so-iets nie. God moet Sy mense regeer, moet elke individu regeer.

54 Dan vind ons dat hierdie seun van Kus, groot man, en—en sy statuur, en sy. . .Hy het blykbaar die mense gepas, dat sy kleed goed gelyk het aan hom. En die kroon op sy kop, ver in bokant die res van die ander mense, soos hy geloop het, sou 'n —'n ware aanwins vir die koninkryk van Israel wees. Want, die ander konings sou, van die ander volke, sou dink: "Kyk wat 'n man!" Hoe hulle hulle vinger kon wys en sê: "Kyk hier, wat 'n groot koning het ons! Kyk wat 'n groot man is oor ons!"

55 En jammer om te sê, maar hoe waar is dit vandag van die kerk, hulle hou daarvan om te sê: "Ons pastoor is nie 'n eng man nie. Hy's 'n groot man. Hy's 'n gegradueerde van Hartford, of een of ander groot skool van teologie. Hy het vier grade van *so-en-so* 'n plek. En hy's 'n baie goeie menger onder die mense." Dit mag alles reg wees, en sy plek hê. Maar God se weg vir Sy Kerk is om gelei te word deur die Heilige Gees, en deur Sy Gees.

56 Maar hulle hou daarvan om te sê dat: "Ons het hierdie groot denominasie waaraan ons behoort. Ons het begin vroeg in die ou pionier dae, toe ons in die minderheid was, net baie min

mense, en klein. En nou het ons gegroei tot by die plek totdat ons onder die grootste denominasies is wat daar is. Ons het die beste skole, en die bes-opgeleide predikers. Ons het die bes-geklede skares. En die intellektueelste mense van die stad besoek ons denominasie. En ons gee aan liefdadigheid. En ons doen goeie dade, ensovoorts." En hoegenaamd niks, God behoede, dat ek een woord daarteen sou praat nie, want dit is alles goed.

57 Maar, steeds, is dit nie die wil van God dat die mens oor die mens moet regeer nie. God het gestuur, op die Pinksterdag, die Heilige Gees om in mense se harte te regeer, en te regeer in sy lewe. Dit was nie bedoel vir die mense om oor die mens te regeer nie.

58 Maar ons hou daarvan om dit te sê. Dis 'n baie besondere ding wanneer ons kan sê ons behoort aan so 'n groot organisasie.

59 "Is jy 'n Christen?" Dis hoe ek op hierdie teks beland het, toe ek by die hospitaal was. En ek sou een vra: "Is jy 'n Christen?"

"Ek behoort aan *so-en-so*."

"Is jy 'n Christen?"

"Ek behoort aan *so-en-so*."

60 En 'n verpleegstertjie het langs die bed ingekom, waar ek die Bybel gelees het, en sy was 'n—'n nuwe verpleegster op die vloer. En sy het gesê: "Aangename kennis." Sy het gesê: "Ek glo dat jy Eerw. Branham is, hier vir 'n fisiese ondersoek."

Ek het gesê: "Ek is."

61 En sy het gesê: "Mag ek jou rug vryf, jou 'n bietjie beter laat voel met die alkohol?"

En ek het gesê: "Jy mag dit doen."

62 En terwyl sy op my rug gevryf het, het sy gesê: "Aan watter denominasie kerk behoort jy?"

63 En ek het gesê: "O, ek behoort aan die oudste denominasie wat daar is."

En sy het gesê: "Watter denominasie is dit?"

64 Ek het gesê: "Dis die een wat georganiseer is voor die wêreld ooit georganiseer is."

65 En: "O," het sy gesê: "wat? Ek glo nie ek ken net daardie nie." Sy het gesê: "Ek behoort aan 'n *sekere* kerk. Is dit daardie organisasie?"

66 Ek het gesê: "Nee, dame. Daardie was net omtrent tweehonderd jaar gelede, daardie organisasie. Maar hierdie organisasie het begin toe die môresterre saam gesing het, en die seuns van God uitgeroep het van vreugde, toe hulle die Koms van 'n Verlosser gesien het om die mensdom te verlos."

67 En sy het opgehou om my rug te vryf. En ek was 'n bietjie oorgebuk, op *hierdie* manier, sodat die dame kon vryf. En sy

was van naby Corydon, hieronder. Ons het begin praat. En sy het gesê: "Meneer, ek het altyd geglo dat as God ooit God was, Hy steeds God is, vandag, net soos Hy was in die ou dae." Sy het gesê: "Hoewel my kerk dit totaal ontken, maar ek glo dat dit die Waarheid is."

68 En ek het gesê: "Jy's nie ver van die Koninkryk van God nie, jong vrou."

Sy het gesê: "As Hy ooit 'n geneser was, is Hy nie steeds 'n geneser nie?"

Ek het gesê: "Hy is baie beslis, my suster."

69 Maar die mens wil regeer, en regeer oor die mens. En die mens wil hê die mens moet oor hom regeer. Hy wil nie hê dat God regeer nie.

70 So hierdie seun van Kus, Saul, by name, was net die antwoord vir wat hulle wou gehad het, die groot statige man. En die . . . O, hy kon hulle net lei na hulle oorloë, ensovoorts. Maar, steeds, was dit nie God se weg om dinge te doen nie. God wou Sy getroue ou profeet hulle laat lei het, en Sy Woorde tot hulle laat spreek het.

71 Nou, vandag, in ons groot kerkeeu waarin ons woon, ons, dink ek, en glo dit met my hele hart, dat ons presies die teenoorgestelde gedoen het wat God ons verordineer het om te doen. Die laaste Woorde van ons Verlosser was in Markus 16. Gesê:

> *Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.*
>
> *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; . . . hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.*
>
> *En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe* taal *sal hulle spreek,*
>
> En as *hulle slange* sou *opneem;* of . . . dodelike dinge *drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie;* en as *op siekes . . . hulle* hulle *hande lê, en hulle sal gesond word.*

72 Daar is geen man, daar is geen seun van Kus, of niemand anders, wat dit kan voortbring buiten die leierskap van die Heilige Gees nie. Maar ons het skole gemaak, ons het kweekskole gemaak, en organisasies gemaak, om—om te bevredig, en om soos die res van die wêreld te lyk.

73 Nou, die Heilige Gees was altyd die Leier in hierdie volk. Hierdie volk was altyd regeer toe terug in . . . toe hulle die verklaring van onafhanklikheid uitgeskryf het. En daar het 'n ekstra stoel daar gestaan. Daar is geen sweempie twyfel in my gemoed dat die Seun van God nie by daardie tafel gesit het, toe hierdie volk gestig is op die beginsels van vryheid van godsdiens

en vryheid van almal en op die grondslag van God se Ewige Woord, nie.

74 Maar ons het dit gekorrupteer. Politiek; ons het manne daar ingestem, onder koop en verkoop, en beloftes van valsheid. Totdat . . . Ons volk, en ons politiek, en ons demokrasie, is so besoedeld totdat dit—dit verweef is met kommunisme en alle soorte ismes.

75 En baiekeer roep ons in sitting met gebed, wanneer gemenebes van nasies ontmoet, en daar . . . of om samesprekings te voer. En in een sekere, groot tyd, onlangs, is daar nie eers een keer gevra vir gebed nie. Hoe gaan ons ooit verskille besleg sonder gebed? Hoe kan ons ooit verwag, in die hele wêreld, om ooit enigiets te doen sonder die leierskap van die Heilige Gees?

76 Maar laat ek dit sê met liefde en respek teenoor ons volk en teenoor sy vlag, en teenoor die republiek waarvoor dit staan. Ons het ons Leier, die Heilige Gees verwerp, en deur korrupte politiek, manne van verdraaide gedagtes ingebring. En as julle nie dophou nie, gaan hulle een van die fataalste foute maak wat hulle ooit gemaak het, net nou, is omdat die mense begeer dat mense regeer.

77 Wat ons nodig het in die hoofstad van hierdie Verenigde State, as 'n president, wat ons nodig het in die kongres, wat ons nodig het in ons sale van geregtigheid, is manne wat hulle lewe toegewy het aan God, en gevul is met die Heilige Gees, en gelei word deur Sy Goddelike leiding. Maar, in plaas daarvan, kies ons manne van intellek, manne wat "vorms van godsaligheid het, en die Krag van God ontken," manne wat ateïste is, en partymaal selfs erger as dit, het ons in ons politieke sfere ingebring, van ons volk.

78 Nie net dit nie, maar in ons kerke. Ons kerke het korrup geword op die grondslag dat ons, in die kies van ons herders om ons te lei, ons na die kweekskole toe gegaan het en manne gekies het wat groot intellektuele reuse is, manne wat baie briljant van verstand is, manne wat vakkundiges is, en groot mengers onder die mense is, en groot manne in die buurt is, waarteen ek niks te sê het nie. Manne wat goedgeaard is in hulle wandel, versigtig in hulle lewenswyses, en hoe hulle hulle gedra met ander mense, en met mense, groot manne in hulle velde, waarvan ek nie kwaad praat nie. God behoede dat my gees ooit so boos word. Maar, steeds, is dit nie wat God vir ons gekies het nie.

79 Dis die leierskap van die Heilige Gees: Christus in die hart van die mens. Baie van daardie intellektuele manne wat in ons preekstoel staan, ontken die ware bestaan van die Heilige Gees. Baie van hulle ontken die bestaan van Goddelike genesing en die Krag van die Gees.

80 Ek het 'n artikel gelees, gister, dink ek was dit, 'n reeks koerantuitknipsels van Jack Coe, die oorlede Jack Coe, die een

van my bekeerlinge na die Here Jesus, wat 'n dapper held was, in sy dag. En is bevraagteken, onder in Florida, oor die versoek aan 'n jong kind om sy beenstutte te verwyder, en oor die platvorm te loop. En terwyl hy dit gedoen het, het die kind oor die platvorm geloop, normaal, en geval toe hy by sy ma gekom het. Alles as 'n lokval van die vyand van Christus, het hierdie jong vrou en haar man ons dapper broer in die howe van die land ingebring.

81 En toe elke kerk by Broer Jack moes gestaan het, wanneer elke kerkman wat die Naam van Jesus Christus noem, langs sy sy moes gestaan het, dapper, elke man wat die Naam van die Here Jesus aanroep op hulle knieë moes geval het in gebed. Maar, in plaas daarvan, oor die hoofopskrifte van die koerante, het een van ons groot denominasies gesê hulle vat hande met die ateïste, om te veroordeel, Broer Jack Coe in die tronk te sit. Kan julle julle 'n kerk voorstel, wat hulleself die Naam van Christus noem, sou hande vat met 'n ateïs, om 'n goddelike man te veroordeel wat met sy hele hart probeer het om te staan vir die Bybel? Maar hulle het dit gedoen.

En toe was Broer Gordon Lindsey tot die redding.

82 En toe die ongelowige regter gesê het: "Hierdie man is 'n bedrieër omdat hy die stutte van daardie kind afgehaal het en hom oor die platvorm gestuur het, en gesê het hy is 'genees.' En hy het gelieg, en hy het iets teenstrydig met die dokter se bevele gedoen, daarom het hy 'n bedrogsaak teen hom."

83 En Mnr. Coe het opgestaan, en hy het gesê: "Meneer, ek daag daardie stelling uit. God het die seun genees."

84 En die regter het gesê: "Ek sal enige man in hierdie hof vra of daardie stelling waar kan wees, dat God daardie seun aan die een punt van die platvorm kan genees, en hom kan laat siek wees aan die ander punt. As daardie stelling bewys kan word deur die Bybel, dan sê ek Mnr. Coe het 'n reg tot sy stelling."

85 En 'n prediker het sy hand opgesteek, en hy het gesê: "Edelagbare, meneer, mag ek dit sê?"

En die regter het gesê: "Sê maar."

86 En die prediker het opgestaan, en gesê: "Een aand, op 'n onstuimige see, toe 'n bootjie op die punt was om na die bodem te sink, alle hoop op redding was verby. Hulle het Jesus gesien, die Seun van God, wat op die water aangeloop kom. En een van die apostels, met die naam van Petrus, het gesê: 'As dit U is, Here, beveel my om na U toe te kom op die water.'" En hy het gesê: "Die Here het vir die apostel Petrus gesê: 'Kom.' En hy het uit die boot uitgeklim, meneer, en net so goed geloop op die water soos Jesus het. Maar toe hy bang geword het, het hy begin sink voor hy by Jesus gekom het."

Die regter het gesê: "Die saak is uitgegooi."

Ons het Heilige Gees leierskap nodig, nie intellektuele manne nie.

87 Saul, die seun van Kus, is toe kaptein gemaak oor die volk, en hy het tweeduisend man geneem, en Jónatan het 'n duisend geneem. En Jónatan het afgegaan na 'n garnisoen en 'n klomp Ammoniete verslaan, Ammoniete, liewer. En toe—toe hy hulle verslaan het, het Saul 'n basuin geblaas, en gesê: "Sien julle wat Saul gedoen het." Hy het grootdoenerig begin raak.

88 Net sodra 'n man een of ander groot Doktor van Godsgeleerdheid begin word, of 'n ietsie agter sy naam kry, word hy, min-of-meer, 'n beterweter.

89 God se manne is nederige manne. God se mense is nederige mense. Wanneer jy iemand sien wat sê hulle het die Heilige Gees ontvang, en hulleself begin afsonder, skynbaar, nie die Geloof het nie, rondgaan, iets probeer wees wat hulle nie is nie, onthou net, hulle het nie die Here Jesus ontvang nie.

90 Toe het ons gevind die vyand het ingekom. En hy sou inkom in 'n groepie van God se kinders, en hy sou die regteroog van elke man uitpluk.

91 Dis wat die vyand altyd probeer doen, is om altwee oë uit te pluk, as hy kan, sodat die mense nie kan sien wat hulle doen nie. Dis wat Satan vandag probeer doen aan elke Christen, sy geestelike sig uitpluk, dat hy net die intellektuele sintuig van dinge sal volg, en nie die sintuig van die Heilige Gees wat hom lei nie.

92 So toe, toe hulle dit gedoen het, toe die groot nederlaag gekom het, toe het Saul twee groot osse opgesny en dit na al die mense toe gestuur. En ek wil hê julle moet hier oplet, toe Saul die stukke van die os na die hele Israel toe gestuur het, en gesê het: "Laat elke man wat nie vir Samuel en Saul volg nie, laat hom, hierdie os, soos *dié* wees." Het julle gesien hoe misleidend het hy homself probeer voorstel saam met die man van God? Hoe—hoe onchristelik dit was! Die vrees van die mense was as gevolg van Samuel. Maar Saul het hulle almal gekry om hom te volg omdat die mense Samuel gevrees het. "Laat hulle agter Samuel *en* Saul aankom."

93 En hoeveel keer, vandag, het ons dit gehoor! "Ons is die groot Kerk. Ons is die Kerk van Christus. Ons is die Kerk van God. Ons is die—die *so-en-so*." Dit laat die mense 'n vrees kry, en dink dat dit regtig is waar God aan die werk is. En hulle wil nie die leierskap van die Heilige Gees hê nie. Hulle sal liewer manne soos daardie volg, omdat hulle daarvan hou om hulle eie individuele lewens te lei. Hulle wil graag glo wat hulle wil glo.

94 Sien julle? Die Heilige Gees is ons Regter. God gee ons nooit 'n pous, of 'n biskop, of enigiemand, om 'n Regter te wees nie. Die Heilige Gees, die Persoon van God, in die vorm van die Heilige Gees, is ons Regter en ons Gids. Nou, waarom is dit?

95 Verskoon asseblief hierdie kru, en baie kru uitdrukking. Ek bedoel dit nie om gemeen te wees nie. Ek sê dit uit liefde.

96 Maar die Heilige Gees sê dis verkeerd vir ons vroue om hulle hare te sny. En dis verkeerd vir ons vroue om kortbroekies en langbroeke te dra, en om hulle lippe en gesigte te grimeer met verf. Die Heilige Gees sê dis verkeerd.

97 Maar ons wil hê manne moet vir ons sê dis in die haak: "Solank ons my en Samuel volg." Hulle hou daarvan om deur ses dae te leef, op enige manier wat hulle wil, en kerk toe gaan op Sondagoggend. En 'n goeie intellektuele kollege gegradueerde met baie grade, kan vir hulle 'n prekie preek wat sal . . . 'n paar grappe ingegooi, wat hulle gehoor sal streel, en hulle vermaak laat word, soos een of ander film of televisieprogram. En sê 'n gebedjie oor hulle, en stuur hulle huis toe met soort van 'n—'n selfvoldane sekuriteit dat hulle hulle godsdiens beoefen het. Dis nie die wil van die Heilige Gees nie.

98 Die Heilige Gees wil hê jy moet goddelik lewe, elke dag van die week, en elke aand, jouself afsonder van die dinge van die wêreld.

99 Maar die kerk wil dit nie hê nie. Hulle wil 'n man hê wie die Bybel kan—kan interpreteer soos hulle Dit wil hoor. Hulle wil nie luister na die stem van die Heilige Gees wat deur die Bybel spreek nie. Baie van hulle wil sê: "Die dae van wonderwerke is verby." Dis wat die mense prikkel. Hulle wil sê: "Daar's geen doop van die Heilige Gees nie." Die mense wil nie enigsins anders optree as wat die res van die wêreld optree nie. Hulle wil nie op straat gaan en hulle gesigte gewas hê, en—en mans met 'n skoon voorkoms, en nie sigarette in hulle mond, en—en sigare, en pype, en—en die dinge wat mans doen nie. En vroue wil hulle hare baie kort afgeknip hê, en—en klein rokkies aan, en om hulle vorms te wys, en dinge wat hulle wil hê. Hulle—hulle wil mans hê wat vir hulle sal sê: "Dis in die haak."

100 Toe, nou die aand, het 'n man hiernatoe gekom om vir my te sê, dat, omdat ek teen sulke dinge gepreek het, dat 'n groot denominasie, omtrent vyf van hulle, gesê het: "Ons sal Broer Branham verlaat en niks meer met hom te doen hê nie. Jy sal of daardie bandopnames herroep, en vir hulle om verskoning vra, of ons sal jou verlaat."

101 Ek het gesê: "Ek sal by God se Woord staan. Al neem dit alles wat in my lewe is, ek sal by die Woord bly. En ek . . . "

Gesê: "Wel, behoort jy nie *so-en-so* 'n bandopname te herroep nie?"

102 Ek het gesê: "Ek het nog nooit enigiets gepreek, in my lewe, waaroor ek skaam was nie. Ek herroep geen bandopnames of geen plate nie. Ek bly by wat die Heilige Gees sê. Daarby lewe en sterwe ek." Probeer nou nie van myself sê nie. Maar ek probeer

julle net 'n illustrasie gee van wat aangaan, sodat julle kan sien en verstaan. Dis mense wat deur mense gelei wil word.

103 Hulle wou nie vir Samuel hê nie. Toe, voor hulle vir Samuel as koning gesalf het . . . of Saul, koning, verskoon my, het Samuel weer na hulle toe gekom. En ek gaan net in taal praat soos wat hy dit vandag sou gesê het. Julle mag dit lees. Hy het gesê: "Wat is verkeerd daarmee dat God julle Koning is?"

"Wel, ons sien God nie."

104 "Wel, ek's Sy verteenwoordiger." Het Samuel gesê. "Het ek ooit vir julle enigiets verkeerds gesê? Het ek ooit enigiets geprofeteer wat nie gebeur het net soos ek gesê het dit sou nie? Het ek nie vir julle die Woord van die Here vertel nie? En ek sal vir julle dit vra. Het ek ooit na julle toe gekom en by enigiemand julle geld gebedel? Het ek ooit enigiets by julle afgeneem? Het ek ooit enigiets behalwe reguit SO SPREEK DIE HERE vir julle gebring? En God het dit bevestig, elke keer, dat dit die Waarheid was." En Hy het 'n donderstorm en reën gestuur (Julle ken die Skrif, julle, net daar.) om te bewys dat Samuel God se mondstuk was.

105 En soos Samuel volmaak voorgestel het, vandag, die Heilige Gees. Die Heilige Gees is God se mondstuk wat net presies spreek wat die Bybel sê, wat net glo wat die Bybel gesê het, en nie sal afwyk Daarvan, enigsins nie.

106 Maar hulle wou iemand hê wat hulle anders kon sê. En die mense kon nie sê dat Samuel se profesie nie volmaak was nie. Hulle het geantwoord en gesê: "Samuel, alles wat jy gesê het in die Naam van die Here, die Here het dit laat gebeur net soos jy gesê het. Daar is nie een fout nie. Jy het nooit na ons toe gekom en ons vir ons geld gesmeek nie. Jy het jouself onderhou. Jy het ons nooit gevra om enige groot, buitengewone ding vir jou te doen nie. Jy het in jou God vertrou, en Hy het jou verlos van alle dinge. En jou woorde is waar. Alles wat jy in die Naam van die Here gesê het, was net soos jy gesê het. Maar ons wil steeds 'n koning hê."

107 Kan julle die teenstrydigheid sien? Kan julle—julle sien die—die geslepenheid van die duiwel, kan werk op 'n mens? In plaas van om homself of haarself oor te gee aan die Heilige Gees, en te luister na wat SO SPREEK DIE HERE is, vir 'n suiwer lewe, 'n onbesoedelde karakter, vir 'n verskillende lewe, 'n vreemde volk, 'n heilige nasie, 'n volk wat eienaardig optree; wil hulle liewer saamgaan met die wêreld, en optree soos die wêreld, en na een of ander kerk toe gaan wat sê: "Dis alles reg, tree net so op en gaan voort."

108 Kan julle sien wat dit is? Hulle sê: "Daar is glad nie soiets soos genesing nie. O, die doop van die Heilige Gees was 'n raamwerk vir die kerk." Met ander woorde, dan: "God het manne geneem, die Heilige Gees uit die Kerk uitgehaal, en die denominasie Dit laat opbou." Nooit, nooit. Daar is glad nie so-

iets nie. Die Heilige Gees, die Woord van Waarheid, was om julle te lei totdat Jesus kom. Maar dis hoe dit—dit gegaan het.

109 Saul het aan bewind gekom. Hy groot. . .Hy het 'n groot gevolg gehad. O, hy het pragtige wapenrustings gehad. Hy het sangers gehad. Hy het skilde gehad, en hy het spiese gehad. O, hy het al die res van die volke oortref. En hy het hulle in 'n demokrasie ingebring wat bokant enigiets was waarvan enigiemand ooit gehoor het.

110 En dis presies wat ons denominasies en kerke vandag gedoen het. Ons het die grootste kerkgeboue in die wêreld. Ons het die mooiste-geklede mense in die wêreld. Ons het die hoogste geleerdhede wat ooit gebring kan word.

111 Soos Saul se opgeleide manne wat daardie spies kon neem, en hulle kon dit beweeg en maneuvreer totdat nasies hulle gevrees het. Hulle was opgeleide mense, en alles. Maar, eendag, het daar 'n tyd aangebreek wat daar 'n uitdager uitgekom het. En dit het die hele Israeliese leër so ontstel, totdat hulle gestaan, en bewe het in hulle skoene. Goliat het vir hulle 'n uitdaging gegee: "As julle God is wat julle sê Hy is! Julle is die bes-opgeleide." En hy het hulle uitgedaag. Hulle het nie geweet wat om te doen nie. Hulle goeie, gepoleerde wapenrustings sou nie werk nie. Hulle spiese sou nie werk nie. Daar was iets waarvan hulle nie gehoor het, tevore nie, wat aan die gebeur was.

112 En met eerbied en goddelike respek, en eerbewys en waardigheid, en liefde en Christengemeenskap, sê ek dit. Ek het gelees, nou die dag, in 'n Afrika koerant, waar dat ons seun van Kus, ons uitdager van evangelisasie, toe 'n Mohammedaan hom uitgedaag het, Billy Graham. Gesê: "As jou God God is, laat Hom die siekes genees soos Hy gesê het Hy sou." En die seun van Kus, saam met die res van die leër, het hulleself stilgemaak en die land verlaat, verslane. Dis 'n skande. Ons God is God.

113 Ons het ons goeie kerke. Ons het ons goeie evangelisasie. Ons het ons betaalde sangers. Ons het die beste kore; die hoogste torings in die land. Ons het die beste manne, van die meeste geld. Ons het die intellektuele. Ons het teologie tot op die punt; ons kan dit preek; ons kan dit vertel. Ons kan evangeliseer en mense inbring, en miljoene maak elke jaar, van bekeerlinge, in die kerk in. [Leë kol op band—Red.] Ons betaalde sangers, ons intellektuele evangelisasie, weet nie om 'n uitdaging soos daardie te trotseer nie. Hulle weet niks daarvan nie. Hulle weet niks van Sy genesingskrag, of die doop van die Heilige Gees, of die Krag wat 'n skaduwee van 'n man wat sterwend is aan kanker kan neem, en hom vrystel nie. Hulle weet niks daarvan nie. Hulle is nie opgelei in daardie veld, soos Saul en sy mensgemaakte groep was nie.

114 Maar laat my sê vir die mense van God, en aan julle kinders, dat julle mag weet dat God julle nooit laat sonder 'n getuie nie.

115 Onbekend, aan Saul, Saul het niks geweet daarvan nie. Maar God het 'n Dawidjie terug oorkant agter die heuwel iewers gehad, wat nie skape gevoed het op kerk-onkruide nie. Hy het hulle langs stil waters en in groen weivelde gelei. Hy was bewus van sy vader se skape. En as iets ingehardloop het, 'n vyand, om een van sy vader se skape te gryp, het hy die Krag van God geken om daardie skaap te verlos.

116 God het steeds 'n Dawid, iewers, wat weet wat dit beteken om een van God se skape te verlos, deur die Krag van God. Hy weet steeds alles daarvan.

117 Hy het vertrou. Hy het niks geweet van Saul se wapenrusting nie, nog minder wou hy enigiets daarvan gehad het. Hy wou nie enige van hulle denominasies gehad het nie. Hy wou nie die ou wapenrusting op hom gehad het nie. Hy het gesê: "Ek weet niks daarvan nie. Maar laat ek gaan in die Krag wat ek ken." Hy het sy vader se skape gevoed. Hy het vir die weivelde gesorg. Hy het hulle die regte soort kos gegee, en hulle het gelewe en gedy.

118 "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie. Maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan, sal die mens lewe." Die ware Herder voed hulle. "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." En as die vyand een gryp, in siekte, ken hy die Krag van God.

119 Kyk na klein Dawid, wat daar gestaan het. Gesê: "Daardie kêrel is 'n soldaat, van sy geboorte af. En van sy jeug af, het hy niks geken behalwe 'n spies en wapenrusting nie. Hy is goed opgelei. Hy's 'n teoloog. En jy weet niks daarvan nie."

120 Hy het gesê: "Dit is waar, meneer. Ek weet niks van sy teologiese opleiding nie. Maar daar is een ding wat ek wel weet, dat, toe 'n vyand ingekom het, om een van my vader se skape te vang, het ek gegaan met die Krag van God. Ek het hom verlos. Ek het hom weer veilig teruggebring na goeie gesondheid. Ek het hom teruggebring na die skaduryke groen weivelde en die stil waters. En die God wat die leeu in my hande oorgelewer het, en ek hom doodgemaak het toe hy een van die—die lammetjies gevang het, en Hy my die beer laat doodmaak het, so sal die God van die Hemel met my gaan om hierdie onbesnede Filistyn dood te maak."

Ons het leierskap van die Heilige Gees nodig. Ek ken nie my dae nie; niemand weet nie.

121 Nou die oggend het ek in my bed gelê. En ek was . . . was aan die slaap, en ek het gedroom dat Joseph siek was, en ek het hom opgetel om vir hom te bid. En toe ek wakker geword het, was ek baie ontsteld. Ek het gesê: "Wel, miskien gaan Joseph siek word."

122 En ek het gekyk, wat voor my uitgaan, in 'n klein, donker skaduwee, meer van 'n bruin kleur. En dit het gelyk asof dit ek was. En ek het dit dopgehou. En agter dit aan het Iemand in wit gekom, en dit was Hy. Ek het oorgekyk na my vrou, om te kyk

of sy wakker was, dat ek haar kon wys, sy die visioen kon sien. Maar sy het geslaap.

123 Ek het gesê: "O, ek's jammer, Here. Maar, dit was my lewe. U moes my na alles dryf wat ek gedoen het. Elke keer wat enigiets sou gebeur, sou ek dink dis U wat dit doen. En ek besef dit was Satan wat my probeer weghou daarvan." Ek het gesê: "As U my net kon lei." En soos ek gekyk het, het ek die mooiste gesig gesien wat ek ooit van 'n man gesien het. Hy was voor my, en het omgekyk. Hy het Sy hand opgelig en myne gevat, en *hierdie* kant toe begin beweeg. Die visioen het my verlaat. Verlede Sondagoggend, was ek, het vroeg wakker geword. Dit was Saterdag, hierdie visioen. Op . . .

124 Ek was altyd bekommerd, ek het altyd gedink aan sterf. Dit, ek wat vyftig is, dis, my tyd is nie . . . het nie gedink was te lank nie. En ek het gewonder wat dit sou wees in daardie teofanie, verheerlikte liggaam. "Sou dit wees dat ek my kosbare vriende sien en, sê, 'n wit mistigheidjie wat verbygaan, en sê: 'Daar gaan Broer Neville,' of, hy kon nie sê: 'Hallo, Broer Branham' nie? En wanneer Jesus gekom het, dan sou ek weer mens wees." Ek het dit dikwels gedink.

125 Ek het gedroom dat ek buite in die Weste was. En ek wat afgekom het onder deur 'n wildeals-bos-plek, en my vrou was saam met my, en ons het forel gevang. En ek het gestop en—en die hek oopgemaak. En die lug was so mooi. Dit het nie gelyk soos dit lyk oor die vallei hier nie. Dit was blou, en die mooi wit wolke. En ek het vir vrou gesê, ek het gesê: "Ons moes al lankal hierbuite gewees het, skat." Sy het gesê: "Om die kinders se onthalwe, moes ons gewees het, Billy." Ek het gesê: "Dis . . . " En ek het wakker geskrik.

126 Ek het gedink: "Ek droom soveel! Ek wonder hoekom?" En ek het afgekyk, en sy het langs my gelê.

127 En ek het opgelig teen my kussing, soos baie van julle mense al gedoen het, my kop op die—die kopstuk van die bed gesit, en my hande agter my gesit. En ek het daar gelê soos *hierdie*. En ek het gesê: "Wel, ek wonder net wat dit sal wees, die ander kant. Ek's alreeds vyftig, en ek het nog niks gedoen nie. As ek net iets kon doen om die Here te help, want ek weet ek sal nie sterflik wees nie. Die helfte van my tyd is verby, ten minste, of meer as die helfte. As ek leef om so oud soos my mense te word, is die helfte van my tyd steeds verby." En ek het rondgekyk. En ek het daar gelê, gereed om op te staan. Dit was omtrent sewe-uur. Ek het gesê: "Ek glo ek sal afgaan kerk toe, vanmôre. As ek hees is, sou ek daarvan hou om Broer Neville te hoor preek."

128 So ek het gesê: "Is jy wakker, skat?" En sy het baie diep geslaap.

129 En ek wil nie hê julle moet dit mis nie. Dit het my verander. Ek kan nie dieselfde Broer Branham wees wat ek was nie.

130 En ek het gekyk. En ek het aanhoudend Iets hoor sê: "Jy het nog net begin. Volhard met die stryd. Volhard net."

131 Ek het my kop 'n oomblik geskud. Ek het gedink: "Wel, Ek dink waarskynlik net soos hierdie." Julle weet, 'n persone kan party verbeeldings kry. En ek het gesê: "Ek het dit waarskynlik net verbeel."

Dit het gesê: "Volhard met die stryd. Hou vol. Hou vol."

132 Ek het gesê: "Miskien het ek dit gesê." En ek het my lippe agter my tande gesit, en my hand oor my mond gesit.

133 En daar het Dit weer gekom, gesê: "Volhard net. As jy net geweet het wat aan die einde van die pad was!"

134 En dit was asof ek Graham Snelling, of iemand kon hoor, wat daardie lied gesing het soos hierdie. Hulle sing dit hier, Anna Mae en almal van julle almal.

> Ek's vol heimwee en treurig, en ek wil Jesus sien.
> Ek wil graag daardie soet haweklokke hoor lui.
> Dit sou my pad verlig en al my vrese besweer.
> Here, laat my verby die tydsgordyn sien.

Julle het gehoor dat dit gesing word hier by die kerk.

135 En ek het Iets hoor sê: "Sou jy graag net anderkant die gordyn wou sien?"

Ek het gesê: "Dit sal my soveel help."

136 En ek het gekyk. Meteens, ek . . . Een asem het ek in 'n Plekkie ingekom wat 'n skuinste was. Ek het teruggekyk, en daar was ek, wat op die bed lê. En ek het gesê: "Dis 'n vreemde ding."

137 Nou, ek sou nie wou hê julle moet hierdie herhaal nie. Hierdie is voor my kerk, of my skape wat ek oppas. Of dit was, ek in hierdie liggaam was of buite, of dit 'n wegvoering was, dit was nie soos enige visioen wat ek ooit gehad het nie. Ek kon Daar kyk, en ek kon hier kyk.

138 En toe ek daardie Plekkie tref, het ek nog nooit soveel mense sien aangehardloop kom, wat skree: "O, ons kosbare broer!"

139 En ek het gekyk. En jong vroue, miskien in hulle vroeë twintigs, agtien tot twintig, hulle het hulle arms om my gegooi, en geskree: "Ons kosbare broer!"

140 Hier het jong mans gekom, in die fleur van jong manlikheid. En hulle oë wat geskitter het en gelyk het soos sterre in 'n donker nag. Hulle tande so wit soos pêrel. En hulle het geskree, en my gegryp, en geskree: "O, ons kosbare broer!"

141 En ek het gestop, en ek het gekyk. En ek was jonk. Ek het teruggekyk na my ou liggaam wat daar gelê het, met my hande agter my kop. En ek het gesê: "Ek verstaan dit nie."

142 En hierdie jong vroue wat hulle arms om my gooi. Nou, ek besef hierdie is 'n gemengde gehoor, en ek sê dit met die soetheid en met die sagtheid van die Gees. Mans kan nie jou arm om vroue sit sonder 'n menslike sensasie nie; maar dit was nie Daar nie. Daar was geen gister of môre nie. Hulle het nie moeg geword nie. Hulle was. . . Ek het nog nooit sulke mooi vroue gesien in my hele lewe nie. Hulle het hare af tot op hulle heupe gehad; lang rompe tot op hulle voete. En hulle het my net omhels. Dit was nie 'n omhelsing soos selfs my eie suster, wat daar sit, my sou omhels nie. Hulle het my nie gesoen nie, en ek het hulle nie gesoen nie. Dit was iets waarvoor ek—ek nie die—die woordeskat het nie, ek nie die woorde het om te sê nie. "Volmaaktheid" sou dit nie benader nie. "Uitnemend" sou dit nie eers benader, op enige manier nie. Dit was iets wat ek nog nooit. . . Jy moet net Daar wees.

143 En ek het na *hierdie* kant toe gekyk, en na *daardie* kant toe. En hulle het gekom, by die duisende. En ek het gesê: "Ek verstaan dit nie." Ek het gesê: "Wel, hulle. . . "

144 En hier het Hope gekom. Dit was my eerste vrou. Sy het gehardloop, en nooit gesê: "My man," nie. Sy het gesê: "My kosbare broer," en toe sy my omhels het. Daar het 'n ander vrou daar gestaan, wat my omhels het, en toe het Hope hierdie vrou omhels; en elkeen. En ek het gedink: "O, dit moet iets anders wees. Dit kan nie wees nie. . . Daar's iets. . . " Ek het gedink: "O, wil ek ooit weer teruggaan na daardie ou karkas?"

145 Ek het daar rondgekyk. Ek het gedink: "Wat is dit?" En ek het gekyk, baie goed. En ek—ek het gesê: "Ek—ek kan dit nie verstaan nie." Maar Hope was soort van, o, 'n eregas. Sy was nie enigsins anders nie, maar net soos 'n eregas.

146 En ek het 'n Stem gehoor wat met my gepraat het, wat in die kamer was, gesê het: "Hierdie is wat jy gepreek het die Heilige Gees was. Hierdie is volmaakte Liefde. En niks kan Hier ingaan Daarsonder nie."

147 Ek is meer vasbeslote, as ooit in my lewe, dat dit volmaakte Liefde neem, om Daar in te gaan. Daar was geen jaloesie nie. Daar was geen vermoeidheid nie. Daar was geen dood nie. Siekte kon nooit, Daarbinne nie. Sterflikheid; kon—kon jou nooit oud maak nie. En die. . . Hulle kon nie huil nie. Dit was net een vreugde.

148 "O, my kosbare broer!" En hulle het my boontoe geneem, en my op 'n yslike groot hoë plek neergesit.

149 Ek het gedink: "Droom ek nie. Ek kyk terug na my—my liggaam wat hier onder op die bed lê."

150 En hulle het my daarbo neergesit. En ek het gesê: "O, ek behoort nie hierbo te sit nie."

151 En hier het mans en vroue gekom, van albei kante af, net in die fleur van jeug, wat skree. En een vrou het daar gestaan, sy het geskree: "O, my kosbare broer! O, ons is so bly om jou Hier te sien."

Ek het gesê: "Ek verstaan dit nie."

152 En toe het daardie Stem wat gepraat het, bokant my, gesê: "Jy weet, dit is in die Bybel geskryf, dat: 'Die profete is vergader saam met hulle mense.'"

En ek het gesê: "Ja. Ek onthou dit in die Skrifte."

Gesê: "Wel, hierdie is wanneer jy vergader sal word saam met jou mense."

Ek het gesê: "Dan sal hulle werklik wees, en ek kan hulle voel."

"O, ja."

153 Ek het gesê: "Maar, daar's miljoene. Daar's nie soveel Branhams nie."

154 En daardie Stem het gesê: "Hulle is nie Branhams nie. Daardie is jou bekeerlinge. Dit is diegene wat jy na die Here toe gelei het." En gesê: "Party van daardie vroue daar, wat jy dink so pragtig is, was meer as negentig jaar oud toe jy hulle na die Here gelei het. Geen wonder hulle skree: 'Ons kosbare broer!' nie."

155 En hulle het almal saam geskree, gesê: "As jy nie gegaan het nie, sou ons nie Hier gewees het nie."

Ek het rondgekyk. Ek het gedink: "Wel, ek begryp dit nie."

Ek het gesê: "O, waar is Jesus? Ek wil Hom so graag sien."

156 Hulle het gesê: "Nou, Hy is net 'n bietjie hoër, reguit op *soontoe*." Gesê: "Eendag sal Hy na jou toe kom. Sien?" Gesê: "Jy is gestuur, as 'n leier. En God sal kom. En wanneer Hy kom, sal Hy jou oordeel volgens wat jy vir hulle geleer het, eerste, of hulle ingaan of nie. Ons sal ingaan volgens jou lering."

157 Ek het gesê: "O, ek's so bly. Het Paulus, moet hy staan soos hierdie? Moet Petrus staan soos hierdie?"

"Ja."

158 Ek het gesê: "Dan het ek elke Woord gepreek wat hulle gepreek het. Ek het nooit Daarvan afgewyk, van een kant na die ander nie. Waar hulle gedoop het in die Naam van Jesus Christus, het ek ook. Waar hulle die doop van die Heilige Gees geleer het, het ek ook. Wat hulle ook al geleer het, het ek ook."

159 En daardie mense het geskree, en gesê: "Ons weet dit. En ons weet ons gaan eendag saam met jou, terug aarde toe." Gesê: "Jesus sal kom, en jy sal veroordeel word volgens die Woord wat jy vir ons gepreek het. En dan, as jy op daardie tyd aanvaar word, wat jy sal wees," en gesê: "dan sal jy ons gee vir Hom, as jou trofeë

van jou bediening." Gesê: "Jy sal ons lei na Hom, en, almal saam, sal ons teruggaan na die aarde, om vir ewig te lewe."

Ek het gesê: "Moet ek nou teruggaan?"

"Ja. Maar volhard."

160 Ek het gekyk. En ek het die mense gesien, net so ver as wat ek kon sien, wat steeds kom, wat my wou omhels, wat skree: "Ons kosbare broer!"

161 Net toe het 'n Stem gesê: "Alles wat jy ooit liefgehad het, en alles wat jou ooit liefgehad het, het God vir jou gegee Hier." En ek het gekyk. En hier het my ou hond aangeloop gekom. Hier het my perd gekom, en sy kop op my skouer gelê, en gerunnik. Gesê: "Alles wat jy ooit liefgehad het, en alles wat jou ooit liefgehad het, God het hulle in jou hand gegee, deur jou bediening."

En ek het myself voel beweeg uit daardie pragtige Plek uit.

162 En ek het rongekyk. Ek het gesê: "Is jy wakker, skat?" Sy was steeds aan die slaap.

163 En ek het gedink: "O, God! O, help my, O God. Moenie dat ek ooit toegee op een Woord nie. Laat my net reguit op daardie Woord bly, en Dit preek. Ek gee nie om wat kom of gaan, wat enigiemand doen; hoeveel Sauls en . . . seuns van Kus opstaan, hoeveel *dit*, *da*t, of die *ander* nie. Laat my, Here, volhard tot by daardie Plek." Alle vrees vir die dood . . .

164 Ek sê dit, met my Bybel voor my, vanmôre. Ek het 'n klein seuntjie daar, vier jaar oud, om groot te maak. Ek het 'n negejaar-oue dogter; en 'n tiener, waarvoor ek dankbaar is, wat na die weg van die Here gedraai het. God, laat my leef, om hulle groot te maak in die vrese van God.

165 En bokant dit, blyk dit of die hele wêreld vir my skree, negentigjarige vroue en mans, en alle soorte. "As jy nie gegaan het nie, sou ons nie Hier gewees het nie."

166 En, God, laat my volhard in die stryd. Maar as dit kom by sterf, ek is nie morbied nie. Dit sou 'n vreugde wees, dit sou 'n plesier wees, om in te gaan, uit hierdie verderflikheid en skande.

167 As ek kon maak, daarbo, eenhonderd biljoen myl hoog, 'n vierkantige blok, en dis volmaakte Liefde; elke tree na die kant toe, vernou dit, totdat ons afkom na waar ons nou is, sou dit maar net 'n skaduwee wees van verganklikheid, daardie ietsie wat ons kan aanvoel en voel dat daar iets iewers is. Ons weet nie wat Dit is nie.

168 O, my kosbare vriende, my geliefdes, my lieflings van die Evangelie, my kinders wat ek vir God verkry het, luister na my, julle pastoor. Julle, ek wens daar was 'n manier waarop ek dit aan julle kon verduidelik. Daar's geen woorde nie; ek kon dit nie vind nie; jy kan dit nêrens vind nie. Maar net anderkant daardie laaste asem, is die wonderlikste ding wat julle ooit . . . Daar is

geen manier om dit te verduidelik nie. Daar is geen manier nie. Ek kan dit net nie doen nie. Maar wat jy ook al doen, vriend, lê alles anders ter syde totdat jy volmaakte Liefde kry. Kom by 'n punt waar jy almal kan liefhê, elke vyand, al die res.

169 Daardie een besoek Daar, vir my, het my 'n ander man gemaak. Ek kan nooit, nooit, nooit weer dieselfde Broer Branham wees wat ek was nie. Of die vliegtuie skud, of die weerlig slaan; of die spioen 'n geweer op my gerig het. Wat dit ook al is, dit maak nie saak nie. Ek gaan volhard in die stryd, deur die genade van God. Want, ek het die Evangelie gepreek vir elke skepsel en elke persoon wat ek kan, om hulle te oorreed na daardie pragtige Land daar oorkant.

170 Dit mag hard lyk. Dit mag baie krag verg. Ek weet nie hoeveel langer nie. Ons weet nie, fisies gesproke nie. Die . . . Vanaf my ondersoek nou die dag, het hy gesê: "Jy het vyf-en-twintig jaar van harde, goeie lewe. Jy's stewig." Dit het my gehelp. Maar, o, dit was nie dit nie. Dit is nie dit nie. Dis iets *hier* binne-in. Hierdie verganklike moet met die onverganklikheid beklee word. Hierdie sterflike moet met die onsterflikheid beklee word.

171 Seuns van Kus mag opstaan. Ek . . . Al die goeie dinge wat hulle doen, ek het niks slegs daaroor te sê nie, om aan die armes te gee en liefdadigheid. En onthou, wel, Samuel het vir Saul gesê: "Jy sal ook profeteer." En baie van daardie manne is groot, magtige predikers, kan die Woord preek soos aartsengele. Maar steeds was dit nie God se wil nie. God moes hulle koning wees. Broer, suster, laat jy die Heilige Gees jou lei.

Laat ons ons hoofde buig net 'n oomblik.

Ek's vol heimwee en treurig, en ek wil Jesus sien.
Ek wil graag daardie soet haweklokke hoor lui.
Dit sou my pad verlig en al my vrese besweer.
Here, laat ons verby die tydsgordyn kyk.

Here, laat my verby die gordyn van droefheid en vrees kyk,
Laat my daardie sonnige helder streek aanskou;
Dit sal ons geloof versterk en ons vrese besweer;
Here, laat hulle verby die tydsgordyn kyk.

172 Ek is seker, Here, as hierdie kerkie, vanmôre, net verby die gordyn kon kyk! Nie 'n beproewing onder hulle nie; daar kan nooit wees nie. Nie 'n siekte nie; niks behalwe volmaaktheid nie. En dis net een asem tussen hier en Daar, van ouderdom na jeug, van tyd na Ewigheid; van 'n bekommernis van môre, en 'n droefheid van gister, tot die teenswoordige tyd van Ewigheid in volmaaktheid.

173 Ek bid, God, dat U elke persoon hier sal seën, as daar diegene hier is, Here, wat U nie ken op daardie manier van Liefde nie. En waarlik, Vader, niks kan daardie heilige Plek binnegaan sonder daardie soort Liefde, die nuwe Geboorte, die om wedergebore te wees nie. Die Heilige Gees, God, is Liefde, en ons weet dat dit waar is. Maak nie saak of ons berge versit met ons geloof, of ons groot dinge gedoen het nie, steeds, sonder Daardie daar, kan ons nooit daardie groot leer oorkant klim nie. Maar Daarmee, sal Dit ons oplig bokant hierdie aardse sorge. Ek bid, Vader, dat U die mense hier sal seën.

174 En mag, dat, elke persoon wat my gehoor het, vanmôre, hierdie Waarheid vertel, dat U my getuie sal wees, Here, soos Samuel van ouds: "Het ek hulle ooit enigiets in U Naam vertel behalwe wat waar was?" Hulle is die regters. En ek vertel hulle nou, Here, dat U my na daardie Land geneem het. En U weet dat dit waar is.

175 En, nou, Vader, as daar sommige is wat U nie ken nie, mag hierdie die uur wees wat hulle sê: "Here, plaas in my die wil om U wil te wees." Skenk dit, Vader.

176 En nou, julle, met julle hoofde gebuig, sal julle julle hande opsteek, en sê: "Bid vir my, Broer Branham; God wil in my."

177 Nou, terwyl jy is net waar jy is, net baie liefdevol, waarom sê jy nie net vir Vader nie: "God, in my hart, vandag, verwerp ek alle dinge van die wêreld. Ek verwerp alles, om U lief te hê en U te dien, my hele lewe lank. En ek sal, van hierdie dag af, vorentoe, U volg, in elke Skrif van U Bybel"? As jy nie gedoop is in die Christendoop nie: "Ek sal, Here."

178 "As ek nog nie die Heilige Gees ontvang het nie. . . " Jy sal weet as jy Dit ontvang het. Dit sal vir jou gee, Dit sal vir jou die versekering en Liefde gee wat jy nodig het. O, jy mag anders gedoen het, sensasies gehad het, soos jy mag uitgeroep het of in tale gepraat het, wat goed is. Maar as daardie Goddelike Liefde nie daar is nie, glo my nou, sê: "Here, plaas in my hart, en in my siel, die uitreiking van U Gees, dat ek mag liefhê en eer, en daardie Goddelike Liefde in my hart hê, vandag, wat my na daardie Land sal neem wanneer my laaste asem my verlaat," terwyl ons bid. Bid jy, self, nou. Op jou eie manier, bid jy, vra vir God om dit vir jou te doen.

179 Ek het julle lief. Ek het julle lief. Julle kosbare gryskop manne wat hier sit, wat hard gewerk het en kindertjies gevoed het! Julle arme, ou mammas wat die trane weggevee het uit hulle oë! Laat my jou hiervan verseker, dierbare suster, dit is nie so anderkant die ander asem daar oorkant nie. Ek glo dat Dit absoluut in die kamer is. Dis net 'n dimensie waarin ons inleef. Hierdie is net 'n verganklikheid waarin ons nou leef.

180 "Maar wil in my, Here, om U wil te wees." Bid jy, terwyl ons saam bid.

181 Eerbiediglik, Here, op grond van U Woord en U Heilige Gees, is ons so bly dat ons weet waar ons Geboorte vandaan kom. Ons is bly dat ons "gebore is nie uit die wil van die mens, of uit die wil van die vlees nie, maar uit die wil van God."

182 En ons bid, vandag, Vader, dat hierdie wat nou vra om vergewingsgenade, dat U Gees daardie werk sal doen, Here. Daar's geen manier vir my om dit te doen nie; ek's net 'n man, nog 'n seun van Kus. Maar ons het U nodig, die Heilige Gees.

183 God, laat my soos Samuel wees, een wat die Waarheid van die Woord vertel. En U het Dit bevestig, sover, en ek glo dat U sal voortgaan, solank as wat ek getrou bly aan U.

184 Mag hulle almal nou Ewige Lewe ontvang, Vader. Mag hierdie dag hulle nooit verlaat nie. In die uur wat hulle kom om hierdie wêreld te verlaat, mag hierdie, wat ek pas vir hulle gesê het, open tot 'n werklikheid. En soos ons hier sit, sterflik, vandag, kyk na ons horlosie, dink aan ons middagete, aan werk môre, aan die sorge en vermoeienis van die lewe, hulle sal nie Dan wees nie. Hulle sal almal vervaag. Daar sal geen sorge wees nie; en een groot vreugde van Ewigheid. Gee vir hulle daardie soort Lewe, Vader, elkeen. En mag . . .

185 Ek vra U dit, Vader, dat elke persoon wat hier is vanmôre, wat my hierdie visioen hoor vertel het, mag ek elkeen van hulle ontmoet aan die ander kant; hoewel daar manne hier mag wees wat met my sal verskil, en vroue, ook. Maar, Vader, moenie dat dit ooit in ons pad staan nie. Mag ons hulle Daar oorkant ontmoet, en hulle ook hardloop, en ons mekaar gryp, en skree: "Ons kosbare broer." Laat dit wees soos dit Daar gewys is, Here, aan elkeen, alles wat ek liefhet, en alles wat my liefhet. Ek bid dat dit so sal wees, Here. En ek het hulle almal lief. Laat hulle verskyn, Vader. Ek bied nou vir hulle Ewige Lewe aan. Mag hulle hulle deel doen, om Dit te aanvaar. Want ek vra dit in Jesus se Naam. Amen.

186 Ons het net 'n paar oomblikke, om vir die siekes te bid. Ek sien ons het 'n klein, siek meisietjie hier, en 'n dame in 'n stoel.

187 Nou, aan my kosbaarste broers, susters, moet my asseblief nie verkeerd verstaan nie. Ek—ek weet nie wat gebeur het nie. Ek weet nie wat gebeur het nie. Maar, God, wanneer ek sterf, laat my teruggaan Daarnatoe. Laat my net na daardie Plek toe gaan, is waar ek wil wees, waar dit ook al was. Ek probeer nie 'n Paulus wees wat opgeneem is in die derde hemele nie. Ek sê nie dit nie. Ek glo dat Hy my net probeer aanmoedig het, my 'n ietsie probeer gee het om my aan te stoot, in my nuwe bediening wat kom.

Sou dit oneerbiedig wees as ek iets hier sou lees, net 'n minuut? Sou dit reg wees? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

188 Een van die volk se voorste tydskrifte, Billy Graham. [Broer Branham lees uit 'n artikel, soos volg—Red.]

189 "'Doktor Billy Graham Uitgenooi Na Die Islam,'" op die voorblad van *The Afrikaans Times*, die vyftiende Februarie, 1960. Die skrywer van die artikel, wie 'n Moslem was, Mohammedaan, dink dat wonderwerke die verkondiging van die Evangelie van Christus moet volg, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. "Ons haal aan: 'Dit is dit. Christus het sy volgelinge belowe, toe Hy gesê het: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen; selfs groter as hierdie sal hy doen." Het die Kerk ooit die werke gedoen, wat, die—die eienskappe van Christus in die Bybel? Kan Dit vandag? Kan enige van die kerk onderskei, om selfs die helfte van die wonderwerke gedoen deur Christus, te doen, wat nog te sê "groter werke"? Kan jy, as 'n individu, beroemd, voorstaander van die Christen, opstaan, om die dooies op te wek na fisiese lewe? Kan jy op die seë loop? Kan jy die siekes genees en sig gee aan die blindes? Is dit nie, volgens die bogenoemde fout, uiteengesit van die Mohammedaan nie? Of gesit . . . of die toets deur Christus . . . ? . . . volgelinge van die stellings van sommige, of in jou geloof? Baie van die Moslem artikel is eenvoudig een verkeerde stelling na 'n ander.'"

190 Hulle diskrediteer hierdie Moslem, maar hy was reg. Maar hier is wat hulle te sê gehad het. [Broer Branham lees uit 'n artikel, as volg—Red.]

191 "Die beste antwoord om die Bybel aan te lees, en die Koran te ken. Die Koran skiet te kort dat die . . . deur . . . het te kort geskiet in die vergelyking. Die aanspraak van Mohammedanisme dat dit bo Christendom uitstaan en verbygaan, is suiwer b-o-m-b-a-s-t-i-e-s, bombasties," veronderstel ek: "verbeelding. Die skrywer, egter, het 'n kardinale punt aangeraak oor wonderwerke wat in die Kerk hoort. Maar hier betwyfel ons weer die skrywer se opregtheid, want wie kan uitwys en kon die wonderwerke betwis wat gedoen is deur Eerw. William Branham voor die Moslems in Suid-Afrika, toe tienduisend Christus as Verlosser aanvaar het? Onder die bediening van William Branham, by Durban, Suid-Afrika, en elders deur die wêreld, of vir T. L. Osborn in Oos-Afrika. Natuurlik, staan ons eenhonderd persent vir Billy Graham. Ons het die punt onder bespreking bespreek, is van geen . . . Hierdie vraagstuk het geen meriete nie."

192 Maar te midde van dit alles, het hy vir my gesê, gesê ons was "fanatici," ons "het nie geweet" wat ons gedoen het nie. Hulle moes getuig, in hulle eie koerant, dat God dit in elk geval wel gedoen het. God is net soveel God, vandag, as wat Hy ooit was. Jy mag dink dat hulle dit nie glo nie, dat hulle dit nie sien nie. Is nie net versteek nie; dit is nie in 'n hoekie gedoen nie. En honderde duisende mense wat daar sit, het dit dopgehou. Toe hulle daardie kreupel, beproefde seun daar sien kom het, die Heilige Gees hom vertel van sy lewe, en dinge, en wat daarbinne plaasgevind het. En tienduisend Moslems hulleself op die grond sien plat lê het, Jesus Christus as persoonlike Verlosser aanvaar het.

193 Ons het nog steeds T. L. Osborns, ensovoorts, wat nog skaap-Kos voer. Ek reken Broer Osborn was nog nie af onder die Moslems nie. Hulle maak aanspraak hulle is so oorheersend. Maar ons het nog steeds 'n God wat die skaap kan verlos van die leeu, die skaap kan verlos van die beer.

194 Dit het my goed gedoen om te weet dat hulle dit moes skryf en dit herken. Nee, hulle dink hulle hoef nie; hulle stap weg en draai hulle rug, en gesê: "Ag, daardie dae is verby."

195 Die Moslem het gesê: "Is hulle? Dan is die hele Bybel verby. Julle is almal verkeerd. Julle aanbid 'n Man, 'n Man wat gesterf het, en Sy Naam was Jesus. En Hy het gesterf, lang jare gelede, en daar is glad nie so-iets soos Hy wat opgestaan het nie."

196 Maar hulle kon dit nie by die Durbandiens sê nie. Daar het Hy gestaan en dieselfde ding gedoen wat Hy gedoen het, dit het bewys aan hulle. Nou moet selfs die—die denominasies terugkom, die einste persoon wat geskryf en vir my vertel het dat ek my lering van die Bybel sal moet terugtrek, was die een wat daardie in hulle koerant moes skryf. God sal hulle Hom in elk geval laat prys, dan, oneag. Dis reg. Hy sal hulle Hom in elk geval laat prys.

197 Het 'n klein, siek meisietjie wat hier sit. Dit jou kind? Wat's haar probleem, suster? [Die suster sê: "Dis breinbloeding."—Red.] Mevrou? ["Breinbloeding."] Breinbloeding. ["Ek het geskryf aan jou, paar jaar gelede, oor haar breinbloeding."] O, ja. ["Sy is nou al siek, sal vier jaar wees in Augustus."] Vier jaar, in Augustus. ["Broer Neville was soontoe om haar te sien."] O, is dit van Marengo af, of daaronder iewers? ["Paoli."] Paoli. Is hierdie die meisie, dan? Daar's net een ding, moeder, wat die meisie kan red: dis, God wat haar ken. ["Sy is baie beter as wat sy was."] Ek's so bly daaroor.

198 Was jy soontoe om vir haar te bid, Broer Neville? [Broer Neville sê: "Ja, meneer."—Red.] Vandat Broer Neville soontoe gegaan het en vir haar gebid het, het sy beter geword. Het steeds herders wat skaap-Kos ken.

199 Wat's jou probleem, liewe suster, wat daar in die stoel sit, joune? ['n Suster sê: "Sy het kanker."—Red.] Kanker.

200 Wel, as ek jou net iets sou vra, miskien net hier. Hoeveel hierbinne is genees deur . . . van kanker, steek julle hande op? Kyk hier, suster. ["Sy is omtrent doof, en sy kan nie hoor wat jy sê nie."—Red.]

201 God is die geneser. Ons weet dit. As ek julle sou sê dat ek soontoe kon gaan en daardie bloeding van die meisie kon afhaal en haar gesond maak, sou ek vir julle verkeerd sê; of die kanker van die vrou kon afhaal. Maar ek weet een ding, daar was 'n beer; 'n kanker, 'n gewas, 'n blindheid, en selfs die dood, wat party van God se skape gegryp het, eendag. En ek het uitgegaan met die Krag van God, en ek het hom doodgemaak en daardie

skaap teruggebring. Dis reg. En ons gaan uit vandag, nie met enigiets groots, *so-en-so* nie. Ek gaan uit met die eenvoudige slingervelletjie van gebed. Hy sal haar terugbring.

202 Jy glo dit, nie waar nie, suster? Jy glo, ook, nie waar nie, suster? Hoeveel van julle glo met julle hart nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

203 Buig julle nou julle hoofde terwyl ek gaan bid. [Broer Branham verlaat die preekstoel mikrofoon en bid vir die siekes, terwyl die pianiste *Glo Net*, speel—Red.]

204 Dierbare Vader, 'n pragtige jong vrou lê hier, wat glad nie meer kan loop, of rondbeweeg, as U haar nie help nie. Die vyand het haar gevang. Sy is buite die bereik van enige dokter. Die vyand het haar so ver buite in die ruimte ingetrek, tot die dokter nie eers iets kon doen nie. Maar sy is nie buite U bereik nie, Here. Sy is reg waar U U hand op haar kan sit. Op grond van die Woord van God, lê ek my hande op hierdie jong vrou, en veroordeel hierdie breinbloeding. In die Naam van Jesus Christus, roep haar weer terug na 'n normale vrou. Sy sal lewe tot eer van God. Mag sy gesond word, in en uit hierdie kerk loop, soos ander wat ingekom het, soortgelyk soos hierdie, God die eer gee. Laat dit so wees, deur Jesus Christus.

205 Soos haar hare wit verkleur, nog net 'n paar rondtes, en sy sal in daardie Land oorkant wees waar ek nie meer oud gesien het nie, maar jonk. Maar haar geliefdes sit hier, en huil, en hulle het haar lief. 'n Groot vyand het haar gegryp en haar buite die bereik van die dokter geruk, 'n vreesaanjaende leeu van kanker. God, ek kom, agter haar aan. Ek kom om haar terug te bring. Ek maak die leeu van kanker dood, in die Naam van die onoorwonne Christus, vir wie ek 'n ambassadeur is. Mag dit haar verlaat, en mag sy gesond wees, en baie jare leef, nog, tot die eer en heerlikheid van God, deur Jesus Christus ons Here.

206 Nou, Hemelse Vader, daardie is net nie in groot wapenrusting, die blinkgevryfde spies, taal en woordeskat van 'n spreker nie, maar met 'n eenvoudige, slingervelletjie van geloof. Ek kom vir hierdie siel, en hierdie liggaam wat die vyand van kanker gegryp het buite die bereik van die dokter. Maar ek kom vir haar, vanmôre, Here, haar terug te bring na skaduryke groen weiveld en stil waters. In die Naam van die seëvierende Jesus, vir wie ek Sy ambassadeur is. Met ongeveinsde geloof, glo ek dat sy teruggebring sal word, deur die krag van hierdie gebed wat ons gedoen het. Laat dit so wees.

207 [Broer Branham praat met iemand, en keer dan terug na die preekstoel mikrofoon—Red.]

208 [Broer Branham praat met Broer Neville—Red.] Ek glo daar is 'n doopdiens. Is daar? [Broer Neville sê: "Ja, meneer. Twee predikers het 'n paar mense om nog te doop."—Red.]

209 Sal julle net julle hoofde oplig net ’n oomblik? Die pastoor het my pas vertel . . .

210 Hierdie mense is baie, baie siek. Hulle sal reg wees. Moet net nie . . . Dis reg. God se belofte faal nooit. Ons gaan agter hulle aan.

211 Hulle het ’n doopdiens. Daar is party mense wat moet gaan. Ons gaan weer vanaand diens hê.

212 Is daar enigiemand hier, wat nie vanaand kan kom nie, wat wil hê ons moet nou vir jou bid, wat nie vanaand hier kan wees nie? Sou julle dan reguit hiernatoe kom, julle wat nie vanaand kan kom nie. Ek sal meer tyd hê; ’n gebedsry vorm, vanaand. Hulle moet hierdie mense doop.

213 Jy het ’n klein seuntjie daar? Goed. [’n Broer loop vorentoe en sê vir Broer Branham: “Reg as ek dit vir jou gee?”—Red.] Ja, broer. Baie dankie. Is dit reg as ek dit oor ’n rukkie lees, of nou dadelik? Dankie, meneer.

214 Nou as julle net vir ons net nog ’n minuut of twee gee, sal ons dan die—die diens vir die—vir die doop hê. Ek weet julle sal dit wil sien. En diegene wat graag gedoop wil word vanmôre, wel, julle, die dames gaan *hiernatoe* om hulle klere aan te trek, en die mans gaan oor na *hierdie* kant. En dan terwyl ek bid vir hierdie siek mense, dan kan julle gereedmaak vir die doopdiens. En diegene nou wat . . .

215 Nou, vanaand, sal ek probeer om ’n—’n gebedsrytjie te vorm, vanaand, onmiddellik, soos hulle inkom. En ons gaan begin in die 1ste Boek van Efésiërs, vanaand. En ons sal nou baie bly wees om julle hier te hê, as julle geen kerk het om na toe te gaan nie. Maar as julle julle eie pastoor het en kerk, dan besoek julle—julle julle kosbare kerk waar julle ondersteun.

216 As julle wat moet gaan, en gaan vertrek op hierdie tydstip, God seën julle. Wees weer saam met ons wanneer julle kan. Ons sal bly wees om julle te hê.

217 Moet daar vir jou ook gebid word, broer? Wat is jou probleem? Hoë bloeddruk.

218 Nou, die res van julle, terwyl julle julle hoofde buig, vir ’n minuut, wil ons bid.

219 Vader, ek dank U, vandag, vir die herderslingervelletjie, die gebed wat die leeu op sy knieë gedwing het, en die lammetjie weggeruk is van hom, en teruggeneem is na sy mamma en pappa. Ek bid vir ons broer. Ek vra dat U hom ook veilig sal inbring, Here. Mag die bloeddruk en probleme van sy liggaam ophou. Ek gaan agter hom aan, Here, bring hom terug, in die Naam van Jesus Christus. Laat dit so wees. Amen.

God seën jou, broer.

Met die afgaan, sien ek jy hou ’n blinde seuntjie vas.

220 Nog een ding wat ek wil sê. Ek het. . . was baie siek, het opgebring. En ek het gedink. . . Ek wil nie hê julle moet dit mis, as julle kan nie. Ek het gedink: "God, wat sou ek gee as ek iemand buite kon hoor stop? My vrou sou sê: 'Billy, daar's 'n ou heer hier om jou te sien.'

221 "En hier kom 'n klein, kaalkop kêreltjie met die grys wangbaarde wat aan sy gesig hang. Hy sou inloop, sê: 'Jy Broer Branham?'

"Ek sou sê: 'Ja, meneer, ek is.'

222 "'My naam is Simon.' Sy hand oorkant op my sit, en 'n oomblik na my kyk. Sê: 'Jy's 'n gelowige, Broer Branham.'

"'Ja.'

223 "'Dit sal alles reg wees.' Simon Petrus, van die Bybel. Hoe ek dit sou waardeer! Hy sou nie baie hoef te sê nie. Net sy hand op my sit. Dit sou alles reg wees."

224 En toe, wat by my gekom het, met God se hulp, en met God se genade, daar is tiene van duisende van mense wat dieselfde ding glo, as ek na hulle toe sou kom. En ek het gedink: "Here, laat ek by elkeen uitkom wat ek kan, dan. Laat my net—net. . . "

225 Ek het gedink: "As Simon, of net Paulus, sommige van hulle, net inkom en sê: 'Jy Broer Branham?'

"'Ja.'

226 "Hulle hande oorkant op my sit, en na my kyk, en sê: 'Goed. Broer Branham,' net uitstap.

227 "Ek sou gesond word. Ek sou reg wees. Sekerlik. Ek het gesê. . . Man, my moed sou net daar vermeerder. Ek sou sê: 'Ek gaan reg wees.'" Ja, meneer.

228 En daar's mense wat dieselfde ding glo vandag. En dis wat ek hiernatoe kom om te doen, hande te lê op julle, God te vra.

229 [Broer Branham verlaat die mikrofoon en bid vir die siekes—Red.]

230 Ek wil saam met hierdie klein seuntjie gaan, suster, net 'n oomblik. Hy's 'n klein, blinde seuntjie. Hoe lank is hy al blind? ['n Suster sê: "Van geboorte af."—Red.] Van geboorte af. Hallo, klein seuntjie! O, jy's 'n baie gawe, klein seuntjie. [Broer Branham praat met iemand.]

231 O genadige God! Buite bereik van dokters, by die geboorte van hierdie klein seuntjie, wat blind gebore is, en hy kan nie sien nie; hierdie pragtige, mooi klein seuntjie. En die vyand, voor die klein kêreltjie 'n kans gehad het in die lewe, het hom weggeruk buite die bereik van 'n dokter. So, ek kom uit agter hom aan, vanmôre, Here. Hierdie eenvoudige, slingervelletjie van gebed. Laat ek hom terugbring, God. Ek ontmoet die vyand, die duiwel, in die Naam van Jesus Christus, en ek eis hierdie seuntjie op vir God. Ek eis sy sig, vir God, gee hom terug wat Satan hom van

beroof het. Mag hy dit kry. In die Naam van Jesus Christus, sal dit wees. Ek het dit gespreek.

232 Nou, dierbare suster, moet jy nou nie enigsins twyfel nie, maar hierdie klein seuntjie gaan reg wees. Ek wil hê jy moet hom terugbring hier na die kerk, en die mense wys, hy kan sien. Gee hom sy sig, in die Naam van Jesus Christus.

[Broer Branham praat met iemand—Red.]

233 Here Jesus, om te lê. . . Hierdie kleintjie waarvoor ons soveel gebid het! Maar, vanmôre, kom ek weer in die Naam van Jesus Christus, en dra hierdie slingervelletjie wat U vir my gegee het. En U het my hiermee gehelp, Here, deur U Krag, om te neem die. . . uit die mond van kanker, uit die mond van die dood self, die dooies opgerig nadat hulle dood verklaar is, en styf en koud gelê het. Ek kom agter hierdie vyand aan, in die Naam van Jesus Christus. So bring haar weer terug na goeie gesondheid, Here. Skenk dit. Laat dit so geskied, tot die eer van God.

234 En daar moet vir jou gebid word? ['n Suster praat met Broer Branham—Red.] Jy is 'n gelowige? ["Ja! . . . ?. . . "] Here, ek bring haar, binne bereik van hierdie slingervelletjie. In die Naam van Jesus Christus, mag dit haar verlaat en nooit terugkom nie.

235 ['n Suster praat met Broer Branham—Red.] Wel, daardie selfde slingervelletjie, wat gegaan het en Broer Harley gekry het, en vir jou dogter en jouself.

236 Nou, Hemelse Vader, ek kom agter die vyand aan, gebruik hierdie slingervelletjie wat U my gegee het, want U het gesê: "As jy die mense kan laat glo, en opreg wees wanneer jy bid," sal daardie klippie na die doodmaakspunt gaan. Mag dit nou gaan, Here, soos ek dit na haar versoek stuur. In die Naam van Jesus Christus, mag dit so wees. Amen.

[Die suster sê: "En my vingers voel regtig goed."—Red.]

237 ['n Suster praat met Broer Branham—Red.] Goed, suster. Nou is ons. . . Senuwees is buite die bereik van dokters. Hulle kan jou iets gee om jou soort van rustiger te maak, maar dit sal jou erger maak, daarna. Ja. Nou kyk. Ons gaan uit agter dit aan, vanmôre. Gaan uit; bring julle terug. [Leë kol op band.]

238 Here Jesus,. . . [Leë kol op band—Red.]. . . vyf klippies, g-e-l-o-o-f, [Eng. "f-a-i-t-h."—Vert.] en die slingervel van gebed. En ek bring my suster terug uit die kloue van daardie senuweeagtigheid. . . ?. . . oorkant. Ek bring haar terug na vrede en skaduryke groen weivelde en stil waters. Ek doen dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

['n Suster praat met Broer Branham—Red.]

239 Vader God, hierdie meisietjie, ons is so bly dat dit nie spierdistrofie was nie. Maar oneag wat dit is, dis steeds binne U bereik, Here. En ek kom met hierdie slingervelletjie van geloof, en hierdie klip. En ek druk hierdie klip met al die krag wat ek

het dat ek dit kan gooi. In die Naam van Jesus Christus, mag dit die teiken tref. Mag ons suster gesond word. Ek doen dit in die Naam van Jesus Christus.

['n Suster praat met Broer Branham—Red.]

240 Soos hierdie jong moeder, en haar klein afstammeling, die kleintjie wat sy daar oorkant wil ontmoet, aan die ander kant, daardie glorieryke Land waarvan ek pas gepraat het. En mag . . . Die moeder sal nie leef om nog 'n kleintjie groot te maak nie, en die kleintjie kan ook nie lank lewe sonder U hulp nie. Maar ek kom met die slingervel, met alles wat die krag en die korrel wat ek op die vyand kan vat. En in die Naam van Jesus Christus, slinger ek hierdie ding. Hulle sal gesond word, tot die eer van God. In die Naam van Jesus. Amen.

['n Suster praat met Broer Branham—Red.]

241 O, dis so gaaf. Ek's bly. Wel, daardie bediening, dan, was die grootste bediening van mense uitwys. Dit het gewys na werke . . . ? . . .

242 Ons Hemelse Vader, Satan het hierdie moedertjie geruk buite die bereik van die dokters daar oorkant. Hulle kan net 'n medisyne uitgooi soontoe, Here, dit sal haar net om en om skeur, haar kwalik laat weet waar sy is. En dan wanneer sy bykom, is sy erger. Maar ek kom met hierdie slingervel van geloof, met 'n klip, vat korrel met 'n direkte korrel, om in te stel op die teiken. In die Naam van Jesus Christus, neem ek hierdie senuweeagtigheid weg van haar, tot die eer van God. Amen.

[Iemand praat met Broer Branham—Red.]

243 Dierbare God, Broer George wat daar oorkant, sterwend gelê het, nie lank gelede nie. Ek het gesien wat 'n geloof vir hom gedoen het. Nou het hy rumatiek, Here. Ons besef dat hulle vir hom bietjie kortisoon kan gee, iets wat soort van die pyn sal verlig, maar dit sal nie die ding wegneem nie. So ons mik hierdie gebed, in die Naam van die Jesus Christus. Mag die rumatiek gaan. Mag hy huis toe gaan en gesond word.

Dankie, broer.

244 Aangename kennis, skatjie. ['n Suster praat met Broer Branham—Red.] O, goeiste! Doofheid. Kan jy enigsins hoor? Uh-huh. Net buite die bereik van die mensdom! Jy's 'n gelowige in die Here Jesus? [Die suster sê: "Amen."] Ek sien 'n pragtige vrou Daar oorkant, een van hierdie dae. Jy sal vir altyd weer jonk wees. Ek weet jy wil nou lewe tot Sy eer. Gaan terug na 'n . . .

245 [Die suster sê: "Nee, ek treur oor my seun."—Red.] Jou seun. ["Wat weg is vir meer as twee jaar."] Kan jy hom nie vind nie? ["Hy's in God se hand."] O, hy—hy het heengegaan? ["Uh-huh. Deur die vallei van die dood."] O, daardie. ["En my droefheid."] Bedroef. Ja. ["Ek's droef . . . Ek's bedroef, en ek voel as dit God se

wil is, wil ek hê Hy moet my neem. Daar's geen ongelukkigheid in Hom nie."]

246 Dierbare suster, ek wil hê jy moet kom waar jy goed voel. Het sy die visioen gehoor, vanmôre? [Die ouer suster sê: "Sy kan goed hoor."—Red.] Wel, vertel jy haar.

247 Wel, sy gaan vir jou vertel wat gebeur het. Net anderkant jou asem hier, wag daardie kosbare seun vir jou. Jy sal jonk wees soos hy. Lief, wees net lief vir . . . [Die suster sê: "Ek wil nie bly nie. Ek wil na hom toe gaan, as dit God se wil is."—Red.]

248 Dierbare Hemelse Vader, die lewenswedloop is voltooi. Daar is nie meer veel oor nie. En haar kosbare seun, net oorkant die rivier, as hy net kon terugkyk, sou hy sê: "Net 'n paar dae." Sy wag vir die boot, Here, wat haar deur die mis sal neem, na daardie glorieryke Land. Seën haar, Vader, en vertroos haar hart. En mag dit 'n groot hereniging wees, net oorkant die rivier.

Die Verwerpte Koning AFR60-0515M
(The Rejected King)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 15 Mei 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org